Daar kom egter geen antwoord van omhoog nie; geen ligstraal in die duister nie; geen woord van troos van die kant van die Vader nie.

Intussen het ook die drietal ingeslaap. Het Jesus in Sy uur van ongekende worsteling deelneming van hulle verwag, Hy word teleurgestel. Die weinig, wat hulle vir Hom kon doen, soek Hy tevergeefs by hulle. Hulle slaap, terwyl Hy tot die dood toe benoud is! Hulle slaap, hulle, wat vroeër dieselfde aand nog verklaar het, dat hulle bereid was om hulle lewe vir Hom te gee. Jesus moet die las dra, alleen; Hy moet die stryd volstry, eensaam. Vir Hom bly daar niks oor, wat Hom in Sy smart kan troos nie. Niks. Geen enkele soete druppeltjie in die galbittere beker nie.

Weer drywe die sieleangs Hom tot die bede: ,,Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem- Laat nogtans nie My wil nie, maar U wil geskied!'' Hoe meer die stryd klim, hoe ernstiger word Sy gebed. Sal daar nou antwoord kom uit dié hemel, waaruit daar vroeër die stem weerklink het: ,,Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het''?

Weer gaan Jesus terug na Sy disiepels, maar vind hulle nog slapende. Gans alleen staan Jesus temidde van al die namelose verskrikkinge, wat op Hom aanstorm. Niemand is daar, wat met Hom waak nie! Die twee seuns van Sebedeüs, wat hulle bereid verklaar het om die beker te drink, wat Hy drink, slaap. Petrus, wat bevestig het, dat hy gewillig was om saam met Jesus te

sterwe, as dit moet, kan nie eers een uur met Jesus waak nie.

Nog hoër klim die stryd, en nog swyg die Vader! Is daar dan geen erbarming nie? Is daar dan geen enkele soete druppel in die bittere beker nie? Is daar geen verademing temidde van die sielsbenouing nie? Die beker..... kan dit nie van die lippe geneem word nie?

Vir die derde maal keer Jesus terug in die eensaamheid. Hy herhaal Sy bede. Maar nou klim Sy benoudheid so hoog, dat doodsangste Hom aangryp. Dit is asof die golwe bo Sy hoof toeslaan. Die bloed dring uit Sy liggaam en loop soos groot sweetdruppels op die grond af. Bande van die dood omring Hom; angste van die doderyk tref Hom..... Sal die Vader antwoord? Nee, die Vader antwoord nie, *want as Jesus daardie gifbeker nie drink nie, moet ons dit doen.* As die Vader die gebed van Jesus verhoor, is tegelyk die verhoring van ons gebede afgesny. Daarom kan die Vader Hom nie antwoord nie. Maar wat die Vader wil doen is om een van Sy Engele uit te stuur om Hom te versterk. Watter boodskap die Engel Jesus gebring het, weet ons nie. Waarskynlik het hy Jesus verseker van die liefde en trou van die Vader en Hom herinner aan die lydensprogram, soos voorspel in psalm en profesie.

Nog 'n wyle en die bange worsteling is verby. Jesus het oorwin. Met die glans van die triomf op die bleke gelaat keer Hy terug na Sy disiepels. Nou het Hy nie langer behoefte aan ,,waak en bid'' nie; ,,slaap maar langer en rus,'' so sê Hy vir hulle. Lank sal hulle ook nie kan rus nie, want hy, wat Jesus verraai, is reeds naby. Die uur het gekom, dat Jesus sal oorgelewer word in die hande van die sondaars—nie meer in die harte van Sy volk nie, maar in die van die hele sondige wereld!

Hoe moet ons die bittere lyding van Jesus in Getsemane verklaar?

Met nadruk wil ek u daarop wys, dat die lyding van Jesus in Getsemane nie bestaan het uit vrees vir die dood, of enkel uit liggaamlike leed nie. Die oorsaak van Sy bittere lydensmart in Getsemane lê baie dieper. Eintlik was daar meer as een oorsaak—die mense het Jesus laat ly; die dood het Hom laat ly; die Satan het Hom laat ly; God het Hom laat ly. Laat my dit in 'n paar woorde ten slotte verduidelik.

Vereers het die mense Jesus laat ly. Watter mense? Sy volk. Die volk van Jehovah. Dis hierdie volk, wat Hom verwerp en uitwerp en aan die vloekhout laat heg. Dis 'n bittere druppel te meer in die vreeslike beker van Jesus, dat dit Hom deur Sy eie volk aan die lippe gesit word. ,,Hy het na Sy eiendom gekom en Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.''

Vervolgens laat die dood Hom ly. In Getsemane worstel Jesus met die dood—nie die dood soos ons hom as oorwonne vyand ken nie, maar die dood as die koning van verskrikking; die dood in sy bitterste vorm as die besoldiging van die sonde, nie van Sy eie sonde nie, maar van die sonde van die wereld, wat Hy op Hom geneem het as die Offerlam van God. Die dood het gans geen reg op Jesus nie, en tog oorval die dood Hom as sy prooi. En Hy, Hy is die Lewensvors! O, watter ongekende benoudheid moes die siel van Jesus aangegryp het, toe Hy daardie dood in al die bitterheid daarvan op Hom sien aanstorm het. Hy gaan sterwe, Hy gaan die dood sterwe in die plek van die doemskuldige sondaar, die dood as vonnis van God oor die sonde. *Sy sterwe sal 'n betalende sterwe wees,* wat ons sterwe nie is nie, want Jesus het deur Sy dood die bittere van die dood, die prikkel van die dood vir ons weggeneem. Deur Sy dood het Hy die dood gedood. Vir die gelowige is die dood nie meer 'n betaling vir sy sonde nie, nie meer 'n koning van verskrikking nie, maar *die laaste skakel in die ketting van die heiligmaking,* 'n deurgang tot die ewige vreugde.

De Levensvorst heeft door Zijn kracht
Den dood den doodsteek toegebracht:
De laatste vyand ligt verslagen.

Maar nie alleen voel Jesus in Getsemane reeds die omarming van die dood as die koning van verskrikking nie, ook die mag van die hel is nou oor Hom losgebreek.

By Sy versoeking in die woestyn het Satan van Hom gewyk vir 'n tyd. Nou probeer Satan weer om Hom af te buig van die pad van gehoorsaamheid. Deur helse angste, verskrikkinge, en pyne wil hy Jesus, indien moontlik, laat beswyk, eer die einde van die weg bereik is. Met sy hele leër van hellegeeste omring hy die Berg van ons siel. Satan span sy uiterste kragte in. Nou of nooit! Satan sit alles op die spel. Dit gaan om die wereldheerskappy. Hy moet Jesus oormeester. *Wat 'n worsteling!*

Maar nie alleen laat die mense en die dood, Satan en hel Jesus so bitter ly nie, ook die hand van God druk op Hom. Die skuld van die hele menslike geslag rus op Hom. God reken Hom daardie skuld in al die skriklike omvang daarvan toe. Hy staan daar as die Berg vir doemskuldige sondaars. En om Sy borgtog te betaal *word Hy,* die vlekloos Heilige, *tot sonde vir ons gemaak.* Onskuldig ly Hy vir skuldiges; hulle vloek rus op Hom. Is dit wonder, dat die bloedsweet van Sy gelaat drup? Die golwe van Gods toorn gaan oor Hom; die bare van die Almagtige bedek Hom.

Al kan ons die diepte van Getsemane nie peil nie, tog is dit vir ons duidelik, dat daar gely is, soos daar op aarde met al sy smarte nooit gely is nie. Gods toorn druk Hom neer; die dood steek sy kloue uit; die hel laat sy magte los; Sy eie volk verbitter Sy beker. Waarlik, geen bitterheid is Jesus bespaar geword nie.

Maar Goddank! Uit Getsemane tree Jesus as oorwinnaar te voorskyn. Hulle kan nou maar kom, die bende, met die verraaier op die voorpunt. Die Lam is bereid.

En nou—leer Getsemane ons nie die onberekenbare grootheid van ons sondeskuld nie? Moet ons nie uit die grenselose angs van Jesus ons grenselose skuld leer ken nie? U en ek, ons het Jesus in daardie ure van benoudheid gebring.

Die wereld vergoelik die sonde, het altyd 'n verontskuldiging gereed, en wil ook nie glo, dat God dit ernstig met die sonde meen nie. Die worstelende Jesus in Getsemane leer ons egter sien, hoe Gods reg en heiligheid betaling tot die laaste penning toe eis, *want sonde is skuld!* Daarom moes ons Borg in die stof kruip. Hy moes die gifbeker drink, of ons. Hy het dit geneem, daardie beker van vervloeking en dit vrywillig leeggedrink, en dit vir ons met Sy genade gevul. Deur Sy bloed het ons vrede met God, versoening van skuld, die ewige lewe; ons is ontruk aan die angs van die oordeel en van die hel; Hy het deur Sy benoudheid in Getsemane die doodsvrees weggeneem; vir wie in Hom glo is daar geen verskrikking meer nie; Hy as Borg het dit alles op Hom geneem. Ons kan vry uitgaan! Vir ewig vry! Vry van alle sondeskuld met al sy nasleep van namelose jammer en ellende!

Heb dank o Heer! voor Uw verlossend lijden,
Dat mij van schuld en straffe moest bevrijden:
Gij hebt den toorn, die over mij moest komen,
Op U genomen.

Slechts U, slechts U, o Jezus! zij mijn leven
Ten eigendom in eeuwigheid gegeven.
Gij hebt mijn ziel door al Uw pijn en wonden
Ertoe verbonden.

Niets kan noch zal voortaan my van U scheiden:
Ik volg U trouw waarheen Gij mij wilt leiden,
Met U zal ik door dood en oordeel dringen,
En 't hallel zingen.*

DANIEL F. ERASMUS.

Ventersdorp,
Augustus, 1931.

---

* *Vide* P. Biesterveld, *Van Bethanië naar Golgotha,* t.p.



MARTHA SOPHIA HATTINGH.



JOHANNES HENDRIK JACOBS.

J. H. JACOBS en M. S. HATTINGH.

Newensgaande vind ons die beeltenis van J. H. Jacobs en sy vrou M. S. Hattingh. Hy werd op 15 Oktober 1851 op die plaas Elandsfontein, distrik Heidelberg, gebore, en was 'n kleinseun van die vrome Voortrekkers-ouderling David Jacobs, wat deur die Volksraad in die ou tyd as kategiseermeester aangestel was. Omstreeks 1884 werd hy tot ouderling van Heidelberg gekies, en het dit gebly tot 1909. In die dae van die Kerkvereniging was hy onvermoeid besig in belang van die Kerk, en met nog twee afgevaardigdes van Heidelberg, nl. J. C. G. Marais en S. J. Marais het hy op 3 Januarie te Witfontein saam met die Kerkeraad van Pretoria, Middelburg en Standerton die beroepsbrief van wyle Ds. M. J. Goddefroy onderteken, hoewel Heidelberg nie tot die kombinasie behoort het nie.

Dit pas die Gemeente van Heidelberg om sy nagedagtenis in ere te hou. God werk deur Sy diensknegte, en Hyself bevestig hulle werk.

S. P. E.



BALTHAZAR BEKKER

Alle eeue deur het die mensheid aan towery en aan spoke geloof, en tot op die huidige dag is dit die geval. Onder die persone wat nie aan die Avondmaal mag deel neem nie, omdat hulle met allerhande ondeugde besmet is en dus geen deel aan die Ryk van Christus het nie, noem die Avondmaalsformulier ook die *toovenaars en waarzeggers, die vee of menschen mitsgaders andere dingen zegenen en die aan zulke zegeningen geloof geven*. Dit bevat dus 'n regstreekse verbod om sig met towery of duiwelskunstenary in te laat, ja selfs om daar enig geloof aan te heg. En tog is hierdie ondeugde onder die Christene nie uitgeroei nie; dit leef nog voort as oorblyfsels van die donkere heidendom, toe die hele wereld voorgestel werd, as bevolk met onsigbare geeste, goeie sowel as slegtes. Hierdie heidense opvattinge het die kerk ingekom, toe die heidene in groot massas by

die Christelike Kerk aangesluit het, sonder dat hulle inwendig verander was. Sommige mense werd geag as bedeeld met die bowe-natuurlike gawe om met daardie goeie of slegte onsigbare wesens in verbinding te staan. Op bedekte wyse kon hulle met behulp van 'n bose gees allerhande kwaad aan hulle naaste berokken. Teen sulke towenaars of towerhekse was daar geen kruid gewasse nie, en die enigste middel van selfverdediging was om hulle van kant te maak. Dit was in die meeste gevalle egter moeilik om uit te vind wie hulle was. Iemand was betower, maar *wie* het hom betower?

As een of ander persoon in die Middeleeue van towery verdag werd, dan werd hy, wanneer die regstreekse bewyse ontbreek het, aan 'n *godsoordeel* onderwerp, hy moes 'n proef deur maak, waaruit dan sou blyk of hy skuldig was of nie. So'n *godsoordeel* was byvoorbeeld, dat die beskuldigde op 'n gloeiende vuurwarm ysterplaat moes loop, en as sy voetsole verbrand dan was hy skuldig, maar as dit ongeskonde daar afkom was hy onskuldig; of die beskuldigde werd met die hande agter die rug vasgebind in die water gegooi: drywe hy, dan was hy skuldig, sink hy dan was hy onskuldig.

Dit was veral in die Middeleeue, dat hierdie bygelowigheid en spook-geloof hoogty gevier het. Die ou klassieke beskawing was inmekaar gesak, en die barbaarse volkere, wat die erfgename geword het van die Romeinse Ryk en die Romeinse Kerk het aan die bygeloof, wat met Christendom so in stryd was, voeding gegee. Die Kerkhervorming het dit probeer uitban,—denk slegs daaraan hoe in die Avondmaalsformulier daarteen gewaarsku word,—maar dit het die Hervorming nie geluk nie, om hierdie euwel uit te roei. Ons verneem hoe in Holland gedurende die Sewentiende eeu — die goue eeu—allerlei vorme van bygeloof in swang was, om van Engeland nie eers te praat nie. Allerhande amulette werd om die nek gedra, as voorbehoedmiddel teen sekere siektes. Sommige het geloof, dat as mens sy oge met vlêrmuis-bloed bestryk, hy in die donker kon sien. As 'n swaeltjie sy nes aan 'n huis bou, was dit 'n teken, dat

daar armoede sou kom, terwyl 'n mossie geluk sou bring. As die karring nie wou afgaan nie, was dit omdat die koeie getower was. Dit het menigmaal gebeur, dat die predikant, voordat hy op die preekstoel kom, 'n briefie gekry het waarin hom gevra werd om vir hierdie en daardie sieke te bid, omdat die duiwel met hulle werk.

Vir komete was die mense veral bang, want 'n komeet werd beskou as 'n ster met 'n roede, wat 'n teken was van Gods dreigende toorn, van die roede Gods, waarmee Hy die volk wou tug. In die Sewentiende eeu het die ou Kaapse Goewerneur Zacharias Wagenaar ontsteld gestaan toe daar saans 'n komeet aan die hemel te sien was. Hy het dit beskou as 'n bedreiging van Gods toorn, omdat die Sieketrooster, wat daar toe aan die Kaap was, so baie gedrink het, en daarom het hy die outoriteite in Holland gesmeek om daardie dronkaard weg te vat en hom naar Indië te verplaas. In hoeverre die ou Goewerneur daaroor nagedink het, dat die Sieketrooster dan vir Indië 'n gevaar kon word, meld die argiewe nie.

Dit was ook die Kerkhervorming, wat medegewerk het, om hierdie bygeloof te bestry, en daarmee 'n end te maak aan die verbrande van die sogenaamde towerhekse. Maar dit het nie meteens opgehou nie: in Holland is daar nog op 25 Julie 1605 in 'n agterafdeel 'n vrou verbrand, wat beskuldig was dat sy 'n towenares sou gewees het. In Engeland, waar die mense veel meer bygelowig was, het dit nog veel later gebeur.

Maar die kwaad is nie helemaal uitgeroei nie, en die geloof aan bose geeste, wat die mense sou pla, het bly voortbestaan. In 1692 het daar 'n storm van verontwaardiging opgegaan teen die Amsterdamse Hervormde predikant, Dr. Balthasar Bekker, toe hy 'n dik boek geskrywe het waarin hy die geloof aan spoke en towery bestry het en dit as bygeloof bestempel het.

Hierdie Balthasar Bekker was in vele opsigte 'n merkwaardige man. Behalwe 'n beminnelike persoonlikheid was hy vir sy dae ook nog 'n groot geleerde, iemand wat in meer dan een opsig sy tyd vooruit was, wat dan ook gemaak het, dat hy dikwels as 'n eensame

moes stry, deur vele verlaat, omdat hulle hom nie kon begryp nie. Maar by dit alles was hy ook nog baie lelik, soas sy portret ons laat sien, en waarom hy meermale deur sy teënstanders bespot is. Iemand het eenkeer selfs die volgende versie op hom gemaak, wat op sy lelikheid en op sy ontkenning van die bestaan van spoke gesien het:

Om den duivel te vergeten
Balthazar, zoo moet je weten,
Dat ik in plat Hollandsch zeg:
Bekker! hou je bakhuis weg!

En aan die digter Langendyk word die volgende rympie toegeskryf:

Had Balthasar geleefd in 't kluis van Antonie
Daar quam geen spook omtrent, uit schrik voor zulk 'n tronie.

Bekker is in 1634 in Friesland gebore, waar sy vader predikant was. Hy het self ook in die teologie gaan studeer en is tot Doktor in die Godgeleerdheid gepromoveer, wat vir die dae 'n uitsondering was. Hy het ook in Friesland predikant geword, waar hy sig 'n ywerige herder en 'n uitstekende katigeet betoon het. Hy wou 'n Bybelse teoloog wees, en die Skrif self laat spreek, sonder om sy verklaring daarvan afhankelik te maak van alle leerstellige godgeleerdheid. Sy moeilikhede was dan ook vele, want in die dae het die Skolastiek in die Protestantse lande van Europa weer begin hoogty vier. Die Kerkhervorming was teen die skolastieke wysbegeerte gekant, en teenoor die skool-gesag het die groot Hervormers eie-ondersoek gestel. Dit was nie alleen "weg met Rome nie", maar ook "weg met alle skool-gesag." Maar helaas, deur die twede geslag, wat op die Hervormers gevolg het, is die uitgebanne skolastiek weer by die agterdeur binnegelaat, soas in Holland deur Maccovius en Voetius, en in Duitsland deur Calovius en andere. Dit was wel die skolastiek in 'n Protestantse gewaad, maar tog, dit was die skolastiek. In die Sewentiende eeu het Voetius, 'n professor in die Teologie in Utrecht, drukte gemaak oor die wereld se draai. Dit was volgens

hom teen die Bybel om so iets te glo. Gods eer werd daardeur aangerand, Sy almag daardeur verkort; net so as in ons dae ook sekere wetenskappelike hipoteses as onbybels verwerp word, hoewel die Bybel sig daar nie oor uitspreek nie. Voetius het net so te keer gegaan teen 'n kollega van hom, 'n professor in die medisyne, wat die ontdekking van Harvey oor die bloedsomloop aanvaar het en dit geleer het. Soiets was 'n gruwel, en daarom het hy poginge aangewend om sy kollega te laat afsit. En tog, vandaag glo ieder geleerde aan die wereld se draai, en kom dit nie meer by iemand op om die ontdekking van Harvey oor die bloedsomloop te weerspreek nie. Die Hervormingsgees kon dan ook nie uitgeban word nie, en die vrye ondersoek, een van die vrugte van die Hervorming, kon nie terug gedring word nie. Balthasar Bekker was een van die persone van daardie dae, wat getoon het, dat die Protestantse gees nog geleef het, en nog besiel het. Sy lywige boek oor die "Betowerde Wereld", wat in 1692 en 1694 in vier dele verskyn het, lewer daar die bewys van. Hy was 'n getroue aanhanger van die Kerkleer, en het die Belydenisskrifte van die Kerk van harte onderskryf, maar in die eerste plek was hy 'n Bybelse teoloog, en die wysbegeerte van Cartesius, waar hy egter geen volbloed aanhanger van was nie, het hom tot selfstandig ondersoek ge-inspireer, en dit het hom juis soveel moeite en ellende veroorsaak. Jaloersheid van andere het hom nie alleen tegewerking besorg nie, maar ook geestes indolensie van baie kollega's, wat nie kon verdra nie, dat hy hom 'n selfstandige oortuiging verwerf het, het hom veel verdriet besorg. Die kategeties onderwys van die dae was op 'n baie lae peil, en toe Bekker verbeteringe wou aanbring het hy inplaas van medewerking ongelukkigerwyse bestryding ondervind. In sy Betoverde Wereld het hy op grond van die Bybel en in die lig van die Belydenis 'n sorgvuldige ondersoek gedaan na die geloof aan spoke en bose geeste. In die dae het senuwpasjente gewoonweg as besetenes deurgegaan, as van die duiwel besetenes, wat deur bose geeste gepla is. Die bygeloof het hoogty ge-

vier. Bekker het tal van gevalle, waar persone sogenaamd besete was, ondersoek. Sy resultate was, dat daar nie so iets bestaan as "bose geeste", wat die mense pla nie. Hy het aan die bestaan van die Duiwel geloof, dog het deur sy ondersoek gemeen om vir die ere Gods op te kom, deur aan te toon, dat die gebied van die Duiwel kleiner was, en die werksaamheid van die Almagtige groter was, as wat die mense in sy dae verkondig het.

Sy boek het 'n storm van verontwaardiging opgewek. Hy is by die kerkelike besture van sy dae aangekla, en —hy is veroordeel. Die Sinode het hom afgeset as predikant!

As ons vandaag sy "Betoverde Wereld" insien en bestudeer, moet ons met verwondering staan kyk, dat hy afgeset kon word. As daar vir Bekker geen plek was in die Kerk nie, vir wie is daar dan vandaag wel plek? Maar tog, Bekker moes gaan, net soos daar baie anderes was wat in die loop van die tyd uitgeban is, maar van wie die uitbanning later as 'n growwe fout erken is. Bekker het nie aan spoke geglo nie, dus moes hy vervolg word! Maar Bekker het op die lang duur gewin, nie tydens sy lewe nie, maar deurdat sy geskrifte deurgewerk het. Tydens sy lewe het hom nog een groot genoege te beurt geval. Hy was al as predikant afgeset, toe daar op 'n goeie dag 'n advokaat met 'n aansienlike dame by sy huis kom. Hulle was Duitsers en het uit Duitsland naar Amsterdam gereis om Bekker te bedank vir sy "Betoverde Wereld." Die dame was in Duitsland beskuldig, dat sy dit laat spook, en dat sy met die duiwel sou omgaan. Die oordeel was, dat sy as 'n towerheks verbrand moes word. Die proses was al verby, toe haar advokaat Bekker se "Betoverde Wereld" in hande gekry het. Hy het opskorting van die vonnis versoek, en aansoek gedaan, dat die saak in hersiening geneem sou word. Dit is toegestaan, en die advokaat het uit Bekker se boek soveel argumente gehaal teen towery en heksery, dat die vrou vrygespreek is! Sy had dus, menseliker wys gesproke, naas God aan Bekker die behoud van haar lewe te danke.

S. P. E.

DIE CHRONOLOGIE VAN DIE APOSTEL PAULUS.

Dit is hier nie onse bedoeling nie om 'n volledige lewensbeskrywing van die Apostel Paulus te gee. Dit sou ons veels te ver voer en veels te veel ruimte in beslag neem. Oor die lewe, karakter, werk en teologie van Paulus kan mens boekdele vol skryf. Ons wil ons hier veral bepaal by die Chronologie van Paulus, ons wil so na mogelik die jaartalle en die volgorde van die gebeurtenisse aangee in verband met die lewe en werk van die Apostel Paulus, wat dan vir die leser as 'n raam kan dien waarin hy verder self die biesonderhede moet aanvul uit sy eie kennis van Paulus uit die Nuwe Testament, uit Handelinge en uit die briewe van Paulus self.

Soos ons weet, was Paulus van geboorte 'n Jood en volgens sy eie verklaring uit die stam van Benjamin. Hy was egter ook gebore Romeinse burger. Sy ouers was as Jode woonagtig in die stad Tarsus in die Romeinse provinsie van Cicilië, waarheen hulle om die een of ander rede gedwing was van uit Palestina te verhuis. Daar is Paulus of Saulus gebore en was hy dus van geboorte 'n Romeinse burger. Wanneer Paulus gebore is, is moeilik om te sê. Met die dood van Stefanus word hy 'n jongeling genoem, maar nie lank daarna nie, gaan hy as man van betekenis naar Damaskus wat wys dat hy nie so danig jonk kon gewees het nie. Ons sal nie ver uit wees nie as ons sê dat Paulus min of meer in die jaar 5 van onse jaartelling gebore is.

In sy geboortestad sal Paulus die een of ander vorm van onderwys geniet het, maar om sy verdere ontwikkeling en opleiding as geestelike te ontvang, is hy naar Jerusalem gegaan, waar hy jare lank onderrig gekry het van een van die destyds bekendste Joodse geleerder, Gamaliël. Heel waarskynlik het hy die Here Jesus meer dan eens self gesien en gehoor, self by gewees by die kruisiging van die Heiland en daar ook indrukke ontvang wat hy nooit weer vergeet het nie. Dit was met die naaste sekerheid in die jaar 30 N.Chr. gewees.

Die daarop volgende drie jaar het Paulus, wat intussen al iemand van betekenis geword was deur sy yver en sy kennis van die Joodse wet 'n vername rol gespeel in die vervolging van die Christene. Die leer van 'n gekruisigde Verlosser was volgens hom in stryd met die Joodse Messias-ideale en daarom ook teen die wil van God. Die volgelinge van Jesus moes met geweld uitmekaar gedryf en tot stilswyge gebreng word en daarmee ook alle herinnering aan die Rabbi van Nasaret uitgedoof word. Hierdie tyd was later vir hom altoos 'n bittere herinnering gewees, 'n doring in die vlees wat hy nooit kon vergeet nie. Die enige troos was dat die genade van Christus genoeg is, sodat hy ook vir hierdie sonde vergewing kon vind. Teen die end van hierdie drie jaar (30—33) het die eerste martelaar vir die geloof in Jesus Christus geval, n.l. die hellenistiese Jood Stefanus, 'n gebeurtenis wat vir die lewe van Paulus self ook van groot betekenis moes gewees het. Kort hierna is hy met andere op reis gegaan naar Damaskus om daar die vervolgingswerk voort te set. Op die weg daarheen weet ons het die grote ommekeer in die lewe van Paulus plaasgevind. Daar het hy, volgens sy eie diepste oortuiging die Here Jesus self ontmoet en daar van Hom self sy lewenstaak ontvang. Dit was in die jaar 33 N. Chr.

In die paar jaar wat hierop volg weet ons so te sê niks van Paulus. Hy self sê in Gal. 1 :17 dat hy die tyd deurgebring het in Arabië en Damaskus, maar hoe, word nie gesê nie. Omstreeks die jaar 35 is hy naar Jerusalem gewees waar hy die Apostel Petrus gaan opsoek het, vandaar is hy terug naar sy geboortestad Tarsus, waar hy agt jaar lank stil gewoon het en die tyd waarskynlik vir eie studie gebruik het. Paulus had reeds 'n degelike opleiding ontvang as Joodse skrifgeleerde, onder Gamaliël, maar nou sien hy alles in 'n ander lig, selfs die Oue Testament kry vir hom 'n ander betekenis. Hierdie agt jaar van studie en nadenk, was vir hom van groot betekenis gewees met die oog op die groot werk wat hom wag. Hy het ook kennis opgedoen van die Griekse en Oosterse geleerdheid en dit was vir hom van betekenis.

Nie omdat hierdie kennis hom instaat gestel het nie om die komst en betekenis van Christus beter te verstaan en hy hierdie kennis as-het-ware ineen kon smelt met die Christelike leer; maar van betekenis was dit vir hom in soverre hy daardeur op die hoogte was met wat lynreg teenoor die Christelike geloof staan. Dit was kennis van menselike wysheid, die wysheid wat staan teenoor die openbaring van God in Christus. Paulus was Jood en het Jood gebly, die Grieks-heidense wysheid het vir hom steeds wereldse wysheid gebly. Hy was Christen, volgeling van Jesus Christus, wie se koms deur die profete voorspel is, en deur die Apostels en eerste gelowiges betuig is.

In Tarsus het Paulus gebly tot hy vandaar gehaal is deur Barnabas in die jaar 44 en naar Antiochë (Syrië) gebring, waar hy met enkele andere vir ongeveer 'n jaar lank geestelik in die gemeente gearbei het. Deur die profeet Agabus is in hierdie tyd 'n groot hongersnood voorspel waarop in die gemeente van Antiochië 'n groot kollekte gehou is vir die geloofsgenote in Jerusalem. Aan Paulus en Barnabas word teen die end van die jaar 45 opgedra om die kollekte weg te bring. Na hulle weer 'n tydlank terug was in Antiochië het die roepstem tot die gemeente gekom om Paulus en Barnabas af te sonder vir die sendingwerk. Met Barnabas en Markus, 'n neef van Barnabas, is Paulus in die eerste helfte van die jaar 46 vertrek van Antiochië op sy eerste sendingsreis, wat iets meer dan 'n jaar moes geduur het. In die twede helfte van 47 is hy weer terug in Antiochië waar hy rapport gemaak het aan die gemeente van hulle werk en al hulle wedervarings.

Daarna is daar verskil opgekom oor die manier waarop die heidene mag toetree tot die Christelike geloof. Deur Christen-Jode, van Jerusalem afkomstig, word die onderwysing van die Joodse wet as voorwaarde geëis, wat Paulus nie kon toestem nie. Om oor die saak te besluit is daar 'n Apostel-vergadering belê in Jerusalem in die eerste helfte van 48, waar Paulus volkome

ooreenstemming bereik het met die ander Apostels, soos wat ons lees in Hand. 15.

Teen die begin van die volgende jaar 49 is Paulus met Silas as metgesel op sy tweede sendingsreis van Antiochië vertrek. Oor land het hulle gegaan naar die gemeentes van Suid Galatië wat hy en Barnabas op die eerste sendingsreis gestig het en aan wie hy later die Galate-brief geskryf het. Vandaar het hulle na 'n tyd met Timoteus in noordwestelike rigting gereis deur Frygië en Mysië en in Troas aangekom. Toe hulle vanplan was om naar Bythinië te gaan sien Paulus die visioen van die Macedoniese man, waarop hulle oorgesteek het naar Europa. Dit was al goed die eerste helfte van die jaar 50 toe Paulus met Silas en Timoteus in Philippi aangekom het. Met die evangelisasie-werk in Philippi, Thessalonika, Berea en Athene is heelwat tyd verby gegaan, sodat Paulus eers teen die end van 50 in Korinthe aangekom het. Van Athene het hy Timoteus nog weer terug gestuur naar die gemeente van Thessalonika met die ons bekende eerste brief aan die Thessalonisense, die eerste brief dus wat Paulus geskryf het aan die gemeentes. In Korinthe het Paulus agttien maande lank gearbei toe hy deur die Jode by die nuw-aangestelde stadhouder Gallio aangeklaag is. Uit historiese gegewens blyk dit dat Galio deur Keiser Claudius in April 52 benoem is tot prokonsul van Achaje. Paulus is dus teen Mei of Junie 52 deur die Jode voor Gallio gebring, maar deur die stadhouder ontslaan.

In Korinthe het Paulus dus lank gearbei, selfs enige maande nog na die mislukte teenstand van die Jode. Gedurende sy verblyf daar het hy nog 'n twede brief geskryf aan die gemeente in Thessalonika dus ongeveer 51. Van Korinthe is Paulus teen die end van 52 in alle haas vertrek naar Syrië sonder dat die rede aan ons meegedeel word. Hoogswaarskynlik lê die rede in die moeilikhede wat daar opgekom het in sy eersteling-gemeentes, die gemeentes in Suid-Galatië, n.l. Antiochië (Klein Asië), Ikonium, Lystre en Derbe, aan wie hy na hy die berigte in Korinthe ontvang het, o.i. nog voor sy vertrek

die aan ons bekende Galate-brief geskryf het, wat oor land gestuur is, terwyl hy self oor see gegaan het en eers in Jerusalem en Antiochië omgegaan het om met die ander Apostels oor die moeilikheid te oorlê. Teen die end van 52 en begin van 53 is Paulus dus in Suid-Galatië. Nadat die vrede en orde in die gemeentes herstel is, is Paulus nog in 53 naar Efese gegaan soos hy die Efesiërs op sy terugreis van Korinthe naar Syrië beloof het.

In Efese, die vernaamste stad in die Romeinse provinsie van Asië, het Paulus drie jaar lank gewerk, tot sy verblyf daar onmogelik gemaak is deur die teenstand wat deur Demetrius (Hand. 19) daar teen die Christene verwek was. Tydens sy verblyf in Efese het daar ook allerlei moeilikhede ontstaan in die gemeente van Korinthe, aan wie Paulus nog voor die opstand deur Demetrius en nadat hy Timoteus daarheen gestuur het ook 'n belangrike brief, die eerste brief aan Korinthe, geskryf het. Uit Efese moes Paulus haastig vertrek, eigenlik vlug. Hy het dadelik oorgesteek naar Macedonië waar Timoteus weer by hom gekom het en hy 'n twede brief aan Korinthe geskryf het, dus teen die twede helfte van 56. Teen die end van 56 is hy self weer terug in Korinthe, waar hy die winter van 56—57 deurgebring het.

Van Korinthe wou Paulus graag naar Rome gegaan het, maar om verskillende redes kon dit toe nog nie. Van al die gemeentes het hy ook kollektes ontvang vir die moedergemeente in Jerusalem,—en die moes hy eers wegbring. Die reis naar Rome moes hy dus uitstel tot 'n volgende keer. Hy skryf egter aan die gelowiges in Rome 'n lang en uiters belangrike brief; die aan ons bekende brief aan die Romeine. Dit sal wel in die begin van 57 gewees het, kort voor sy vertrek via Macedonië naar Jerusalem. In Hand. 20 lees ons dat hy Paas-fees in Filippi gevier het en hom voorgestel het om met Pinksterfees reeds in Jerusalem te wees. Na hy in Troas nog 'n week vertoef het is die reis verder gegaan nadat hy in Milete nog roerend afskeid geneem het van die ouderlinge van Efese wat hom daar kom groet het. Met Pinksterfees is Paulus in Jerusalem en daar is ook gebeur

waar ander hom teen gewaarsku het en waar hyself 'n voorgevoel van had. Sy verblyf in Jerusalem was maar van korte duur. As gevangene word hy naar Caesarea gevoer, wel-is-waar met die bedoeling veral om hom aan die woede van die Joodse menigte te ontruk, maar tog word hom daar in Caesarea sy vryheid nie terug gegee nie. Uit vrees dat hy uiteindelik tog deur die stadhouder aan die Jode uitgelewer sou word, alleen om in hulle guns te kom, beroep Paulus hom op die Keiser in Rome, waartoe hy natuurlik die volste reg had. Paulus het altoos meer reg ondervind van die Romeine en Romeinse owerheid as van sy eie volksgenote. Lang moes hy wag eer hy naar Rome gestuur kon word, sodat die gevangenisskap in Caesarea reeds meer dan twee jaar geduur het. Eers teen September 59 word hy met 'n groot getal ander gevangenis naar Rome gestuur. Byna het die reis 'n noodlottige end gehad vir Paulus en sy reisgenote. Op die eiland Malta moes hulle oorwinter nadat hulle almal van 'n gewisse waterdood gered was. Eers teen Maart 60 kon die reis voortgeset word naar Rome.

In Rome het die gevangenisskap nog ruim twee jaar geduur, sodat die hele gevangenisskap vyf jaar lank moes gewees het. Teen die eerste helfte van 62 is Paulus waarskynlik deur die afwesigheid van sy beskuldigers ontslaan. Uit hierdie laaste twee jaar van sy gevangenisskap het ons vier briewe van Paulus, gewoonlik die gevangenisskapsbriewe genoem: Filippense, Efese, Kolossense en Filemon. Filippense is enige tyd voor die laaste drie geskryf. Die laaste drie is min of meer van dieselfde datum. Uit hierdie briewe blyk hoe ondragelik die langdurige gevangenisskap vir Paulus geword het. Vyf jaar is 'n groot deel uit 'n mens se lewe en 'n belangrike deel was dit veral uit die lewe van iemand soos Paulus. Hy voel hom gemuilband, verhinder om te doen waartoe hy geroepe is. Hy wil die blye boodskap van Jesus Christus bring, as dit kon, aan die hele wereld, dit was sy enigste ideaal en hier sit hy nou magteloos in die gevangenis. Die gemeentes het sy persoonlike teenwoordigheid nodig, dit sien hy aan die berigte wat hom

van alle kante bereik. Hy word as het ware verteer deur die verlange naar die dag waarop hy weer vry sou word en sy onderbroke werk weer voort kan set. Die gevangenisskap was vir hom egter ook nie sonder betekenis gewees nie. Hy is oud geword, maar ook ryper in sy gedagtes en ervarings. Hy is gevangene, maar gevangene van Jesus Christus, die Heer van die gemeente wie hy ook in syn gevangenisskap, deur sy boeie en bande dien. Dis geen noodlot wat hom getref het nie, dis alleen die wil van die Heer van wie hy 'n dienaar, 'n slaaf is. Van alle kante kry hy nog berigte omtrent die toestande in die gemeentes. Timoteus, Titus, Fichihus, Aristochus, Lukas en andere wat hom kon gedien het, word deur hom her- en derwaarts gestuur om moeilikhede op te los en leiding te gee waar nodig, altyd met persoonlike boodskappe van die Apostel self. Soms word hy opgesoek deur voorgangers van gemeentes om van hom raad en voorligting te kry by moeilikhede en dwalings in die gemeente wat dan aanleiding gee tot boodskappe of selfs briewe waarin hy vermaan en altoos maar wys op die algenoegsaamheid van Jesus Christus, die Heer van die Gemeente; so b.v. die briewe van die Filippense en Kolossense.

Hoogswaarskynlik is Paulus ook kort daarna losgelaat en kon hy hom twee jaar lank nog wy aan die evangelieverkondiging. Hy was selfs op Kréta, heel Klein-Asië en Griekeland en Macedonië rond en selfs in die teenwoordige Spanje, volgens Clemens. Intussen was die gemeentes in getal en omvang toegeneem en moes hy veel van die werk opdra aan sy mede-arbeiders. Uit die tyd van sy ontslag tot sy dood dateer die twee briewe aan Timoteus en die een aan Titus, waarin hy veral denk aan die persoonlike sorg vir die gemeentes. Hy is later weer gevange geset, hoewel hy instaat was om hom te verdedig, maar met die Algemene Christenmoord onder Keiser Nero in 64, is hy met duisende ander om die lewe gekom, terwyl hy uiters 60 jaar oud kon gewees het.

Korte samevatting:

30 N.Chr. Kruisdood van die Here Jesus.

30—33 Die sfeer in Jerusalem. Paulus en die vervolgings. Dood van Stefanus.

33 Paulus naar Damaskus en sy bekering op weg daarheen.

33—35 Paulus in Arabië en Damaskus.

35 Besoek aan Petrus in Jerusalem.

35—44 Paulus' stille verblyf in Tarsus, sy voorbereiding.

44 Barnabas haal Paulus in Tarsus.

44—45 Geestelike arbeid met andere in die gemeente van Antiochië.

45 Die hongersnood door Agabus voorspel. Paulus en Barnabas met 'n kollekte naar Jerusalem.

46—47 Eerste sendingsreis met Barnabas. Terugkoms in Antiochië.

48 Eerste helfte, Paulus vir die Apostelvergadering naar Jerusalem.

49 Twede sendingsreis van Paulus met Silas en Timoteus.

50 Paulus in Athene en daar I Thes. geskryf.

50 End, oorkoms in Korinthe.

50—52 Verblyf in Korinthe en II Thes. (51) geskryf.

52 Die brief aan Galate geskryf. Vertrek van Korinthe via Syrië naar Suid Galatië.

53 Van Suid Galatië naar Efese oor land.

53—56 Drie jaar lange arbeid in Efese.

56 Timoteus naar Korinthe gestuur. I Korinthe geskryf. Opsluit deur Demetrius. Paulus naar Macedonië en daar II Korinthe geskryf.

56—57 Oorwintering in Griekeland. Die brief aan die Romeine in Korinthe geskryf.

57 Paulus vertrek deur Macedonië naar Jerusalem. Afskeid te Miletê van die ouderlinge van Efese. In Jerusalem gevangegeneem en naar Caesarea vervoer.

57—59 Gevangenisskap te Caesarea.

59 Vertrek met ander gevangenes naar Rome.

59—60 Oorwintering op Malta.

60 Aankoms in Jerusalem.
60—62 Gevangenisskap te Rome.
61 Filippense geskryf in Rome en later Efese, Kolossense en Filemon.
62—64—Paulus weer in Klein-Asië na sy ontslag. Vir die twede keer gevangegeneem. I en II Timoteus en Titus geskryf.
64 Met die Christen-moord onder Nero is Paulus omgekom.

H. P. WOLMARANS.

Ons leven is een staag verrijzen en vertrekken :
Wij vinden vast verblijf noch rustplaats hier beneën;
Ons komt gedurig weer de stem des Geestes wekken :
Op, maak u vaardig en reist heen !

Op, uit uw woning naar het stroodak in de verte !
Der armen Heiland roept in guren winternacht :
Op, uit uw blij gezin naar 't eenzaam huis der smarte :
Van wie daar weenen 't leed verzacht !

Op, van de plek der rust in 't kampperk van ons leven !
Daalt willig, moet het zijn, ook van de plaats der eer !
Of, zoo Gods pad u leidt door donker' olijvendreven,
Neemt op uw kruis en volgt uw Heer !

Gaat, waar uw God u roept en laat izjn wenk u leiden !
Omknelt uw staf en buigt uw schoudren onder 't kruis !
Groet wie gij lief hebt, want uw wegen zullen scheiden :
Bereidt uw hart, bereidt uw huis !

Steekt uwe lampen aan !—ook zoo een zon van zegen
Uw levenspad bestraalt en in uw woning lacht;
Omgordt u ! gij moet voort op d' onbekende wegen !
De lampen aan !—straks komt de nacht !

(Naar P. A. DE GENESTE.)



DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

V.l.n.r. : Dr. J. H. Greyvenstein, Dr. S. P. Engelbrecht, Dr. B. Gemser, Dr. E. Macmillan.



DIE TEOLOGIESE STUDENTE TE PRETORIA, 1931.

Eerste ry, v.l.n.r.: D. J. van Staden, A. Brandt, F. J. Z. Booysen, A. Ras, J. D. Storm, S. P. J. J. v. Rensburg, J. J. Engelbrecht.

Twede ry, v.l.n.r.: W. S. Breedt, P. W. A. Bierman, P. J. L. Bierman, C. S. v. H. Steenekamp, J. L. Nienaber, W. M. Wolmarans, J. L. P. Wolmarans, J. H. N. Visage.

Derde ry, v.l.n.r.: J. du Toit, G. P. J. Grobler, L. M. le Roux, G. C. Coetzee, J. C. du Plessis.

Bo regs: S. P. Viljoen.

Die heer du Toit het sy studie intussen opgegee.

AAN 'T AVONDMAAL.

(Wijze Gez. 39).

1

Jezus! aan Uw Avondmaal
Kom ik Uwen dood gedenken.
Wat ooit wank'le, wat ooit faal',
Gij zult nooit Uw waarheid krenken
God der waarheid! hoor mij nu!
„Jezus ik geloof in U!"

2

'k Buig mij aan uw voetbank neer',
Bij 't besef van al mijn zonden.
Maar Gij schenkt vergeving, Heer!
'k Heb genâ bij God gevonden.
Vol vertrouwen roep ik nu:
„Lieve Jezus! 'k Hoop op U!"

3

God van Liefde! Die Uw Zoon
Als een Heiland mij wilt schenken,
Die, als laatste liefd'betoon,
Met Zijn zoenbloed mij wil drenken.
Hoor mijn zuchten, Heiland! nu:
„Lieve Jezus! Ik min U.

4

'k Ben niet waardig, dat Gij, Heer!
Onder 't dak van mij zoudt komen;
Spreek één enkel woord! en weer
Drink ik uit Uw levensstromen.
Liefste Jezus! ach, kom nu,
Want mijn ziele dorst naar U!

W. P. J. P.



Die vyf broeders Pistorius, wat in 1842 uit Duitsland in Natal aangekom het en die stamvaders is van die Pistorius-famielie in Suid-Afrika.

Voorste ry, v.l.n.r.: Heinrich; August;
Agterste ry, v.l.n.r.: George Frederich Theodore; Cornelius August; Wilhelm.

GODS LIEFDE IN DE SCHEPPING.

1

Elk bloempje met haar geuren,
Elk vogeltje dat zingt,
De Heer gaf stem en kleuren
En wat bewond'ring dwingt.
De roodgetopte heuv'len,
Gebaad in morgengloed,
De beekjes, die daar keuv'len,
Ze juichen: ,,God is goed."

2

De winden die daar loeien,
De zoele zomerzon,
De planten, die daar groeien
Vertellen wat God kon.
De wouden met hun bomen,
De weiden groen en zacht,
De rieten bij de stromen
Verkonden Liefde en Macht.

3

Tot zien gaf God ons ogen,
Een hart om te verstaan;
Gods liefd'rijk Alvermogen
Heeft alles welgedaan.
't Is alles schoon, begeerlik,
Het grootst en 't kleinst volmaakt,
Alwijs en Overheerlik.
Want God heeft al gemaakt.

W. P. J. P.

IETS OMTRENT DIE INVOERING VAN DIE EVANGELIESE GESANGE.

Reeds vroeg was by die Hervormdes in Nederland die boek van die Psalme die geestelike bron, waar hulle verkwikking gesoek het. In 1540 kry ons die eerste berijming deur van Zuylen van Nyeveldt, die Souter Liedekens, waarvan Professor Engelbrecht in die Almanak van 1930 ons vertel het.

In 1566 het 'n Psalmberijming van Petrus Datheen verskyn. Hoewel Datheen in sy voorwoord die mening van Athanasius toegedaan is, dat al die artiekels van ons Kristelike Geloof, die idee van die oneindig Goddelik Wese, die Drievoudigheid van die Persone, die Goddelike en menselike natuur van Kristus, Sy opstanding, ens., grondig bevestig word in die Psalme, het hy nog sewe Gesange bygevoeg.

Datheen was een van die Kalvinistiese predikers wat omstreeks 1560 Nederland binne gestroom het. Sy beryming is deurtrek van 'n drasties Kalvinistiese gees. Dit was in die taal van die volk en uit 'n litterêre oogpunt beskou besonder swak. Die ruheid van 'n prediker, wat selfs van die kansel sy vloektaal nie kan weerhou nie, is ook in sy liedere aan te tref. In 'n tyd van felle onderdrukking en vervolging van die kant van die Rooms Katolieke Spanje was hierdie liedere stalend vir die Protestante. In 1566 het dan ook onder die opswepende melodie van 'n Datheense-lied die ongenadige beelde-storm in Antwerpe losgebars.

In 1580 gee Marnix van St. Aldegonde 'n beryming uit. Dit was egter te litterêr en te kunstig vir die volk. Die strewe na pragtige rym is so 'n hoofsaak dat die oorspronkelike teks soms stiefmoederlik behandel is. Die volk was nie hierdeur aangegryp nie en die beryming van Marnix was dus nie instaat om langs die van Datheen 'n plek te verower in die volksbewussyn nie.

In die 17de en 18de eeu is verskillende pogings aangewend om 'n nuwe beryming te maak, of om die oue te

verbeter. Die feit, dat verskillende van die beryminge in meer as een druk verskyn het, wys dat daar behoefte was aan iets anders as die Datheense voorsiening.

Van belang is die verbetering van Ghysen, Voet en die kunsgenootskap Laus Deo Salus Populo. Hendrik Ghysen was koster in een van die Amsterdamse Hervormde kerkgeboue. Elke Sondag het hy hom vererg oor die slegte Psalm-beryming. Hy aanvaar die taak, en soos 'n by uit die verskillende blomme die heuning vir haar koek te same bring, so het hy sy "Honigraat der Psalmdichten" vergader. Voet se werk was van 'n dergelike gehalte. Hy het geskaaf en verfyn, wat ander gelewer het. Ook hy het al diep die behoefte aan iets anders as psalm-beryming gevoel:

"Wanneer het nageslacht uit beter oogen ziet,
En zich door Christus' min voelt dringen,
Dan zal de reine Kerk, zooals het God gebiedt,
Haar Psalmen niet alleen maar ook haar liederen zingen."

In die Kunsgenootskap "Laus Deo Salus Populo" het letterkundiges en Godgeleerdes hulle kragte verenig om 'n beryming te lewer waarin soveel moontlik die skoonhede van die oorspronklike sou uitkom.

Verskillende persone het in die 17de en 18de eeu 'n voorsiening in die algmene behoefte begin soek deur 'n vermeerdering van die paar Gesange wat agter die Psalm-beryming verskyn het. In die 18de eeu het dan ook af en toe manne die moeilike taak aangedurf om aan die Kristelike gemeente 'n proef vir die Kristelike Kerkgesang aan te bied. So gee Ds. A. van den Berg (bekend in Suid Afrika deur sy bybelse vraeboekie) in 1778 sy "Proewe van geestelyke Oden en Liederen" uit. In 1802 tree van Alphen op die voorgrond met 'n "Proewe van Liederen en Gezangen voor den openbaren Godsdienst." Die bedoeling hiervan was om 'n direkte wegbereider te wees van die aanstaande gesange-bundel. Alle hout is nie timmerhout nie, maar versamel 'n klomp en soek dan die geskikste uit. "Het is goed dat David verzamele, opdat Salomo de handen des te ruimer onder het bouwen hebbe; beide zijn den Heere des Tempels welgevallig."

Die motiewe van die aanhangers van die Evangeliese Gesange kan ons min of meer beskou as die volgende: van alle kante is die beswaar geopper dat die Psalme nie voldoende is nie. Die redes hiervoor was dat die Psalme vir 'n groot deel in 'n ander gees gestel is, as die waarin die religieuse lewe van die Kristen sig beweeg; dit lewer dus nie voldoende stof om die Kristelike waarhede na eis en behoefte van die hart te besing nie. Verder is die Psalme onvoldoende by die Nagmaalbediening. Net Psalm 23 en 116 word gewoonlik gesing. Ps. 23 word gebruik omdat daar uitdrukkinge in voorkom soos "de Tafel toerichten", "het doen overvloeien van den Beker." Maar hiermee is heeltemal iets anders bedoel en so lê die gepastheid alleen in die klanke van die woorde. Dieselfde gebeur met Ps. 116 waar so 'n uitdrukking "Kelk des heils" in aangetref word. Die Psalme is wel voortreflik maar daar is baie in wat oud-Joods is en nie vir die Kristene pas nie. Hoe durf 'n Kristen sy vyand vervloek soos b.v. in Ps. 104: 4—8 en 10—12? Hierdie beswaar kry ons in 'n samespraak tussen Kasper, Joris en 'n kerkvoog. Toe Kasper dit noem sê Joris: "Maar het staat toch in Gods Woord." Kasper antwoord weer: "Jawel, maar het verbod van spek eten staat ook in Gods Woord, en toch eten wij het." Wat in die Psalme ontbreek is die toon van die vervulde Evangelie. Daar is wel 'n beloofde Evangelie in die Psalme, maar hoe donker en syelings is die voorspellings en beloftes!

'n Twede motief vir invoering van Evangeliese Gesange was: In die Gesange is 'n middel te vind vir grondige bekendmaking en bewaring van die Geloofsbelydenis. Ds. A. van den Berg het daarop gewys hoe nuttig dit is om godsdiens waarhede in lied-vorm te klee. Dit kan dan gemaklik uit die hoof geleer word. Vir die dagloner wat al sy tyd aan broodverdiening moet bestee, en vir wie die geleentheid vir oefening en ondersoek ontbreek, is die Gesange 'n groot gerief. Selfs gedurende

sy werk kan hy in die gesang wat hy uit sy hoof ken heerlike waarhede besef. Die wyse of geleerde vind in die ure van sy dood, daar 'n regtydige herinnering in van een of ander evangeliese waarheid. Daar moet nie verwarring gemaak word tussen nuwe liedere en nuwe leer nie. Gesange kan juis die ou-leer meer algemeen bekend maak.

'n Derde motief vir invoering van die Gesange vind ons in die gebod van Efese 5 : 19,20 en Col. 3 : 16 : "Leert en vermaant elkander met psalmen en lofzangen en geestelyke liedekens, zingende den Heere met aangenaamheid in uw hart."

Teen die eind van die 18de eeu en in die begin van die 19de het die Sinodes van die verskillende provinsies van Nederland, ernstig die wenslikheid om Gesange in te voer oorweeg. Die resultaat was uiteindelik dat al die Sinodes, behalwe die van Utrecht en Zeeland, hulle gekommitteerdes algehele volmag gegee het om die werk van versameling en vervaardiging van kerkgesange te volbring.

So vind ons dan op 27 Sept. 1903 in die Konsistoriekamer van die Domkerk te Utrecht die gekommitteerdes van die verskillende Provinsiale Sinodes byeen. Die welbekende gryse ou vader van den Berg, wat so kragtig meegewerk het aan die nuwe Psalmberyming en wie se Bybelse vraeboekie tot kort gelede ook nog in Suid-Afrika gebruik was, hanteer die voorsittershamer. Groot was die ywer en toewyding van die afgevaardigdes. Tot vier maal het hulle vir weke agtereen bymekaargekom, eers in Utrecht en toe in 's Gravenhage. In die voorrede vir die Gesange kla die versamelaars oor die swak ondersteuning wat hulle gekry het van die Nederlandse digters. Baie keer moes hulle self voorsien in die leemtes. In die twede vergadering is van 309 liedere wat ingekom het, 250 afgekeur. Hulle het in die begin besluit om 150 Gesange saam te bind, en wanneer sal hulle die getal bereik?

In elk geval in 1805 is 192 Gesange goedgekeur na 'n ernstige oorweging en is die boekverkoper Allart te Amsterdam genader. Op 8 Augustus is besluit dat geen eksemplaar as eg sal beskou word nie, tensy dit onderteken is deur een van die gekommitteerdes.

Van die gekommitteerdes is daar rapport uitgebring aan die Sinodes en hul aandag is gevestig op die invoering 1807.

Sonder veel aarseling het die verskillende Sinodes nie alleen die invoering toegestem nie, maar ook opgedwing aan die Gemeentes. Die dwang was ook nie net van 'n morele karakter nie. Kerkrade, wat hulle nie wou laat dwing nie, is geskors. 'n Swyende Protes van kerkrade of predikante was ook genoeg om die straf oor hulle te haal. So vind ons in De Boekzaal der Geleerde Wereld van Mei 1810 die volgende: "Eene Bekendmaking van de classis van Gouda en Schoonhoven, dat zy op den 1sten van Bloeimaand 1810, den diaken Adrianus Smuts te Bergambacht, van zyne kerkelyke bediening heeft ontzet, wegens het niet gebruik maken van het evang. Gezangboek en zyne halsstarrige verachting der kerkelyke wetten, niettegenstaande de herhaalde aangewende pogingen der classis, om hem tot het gehoorzamen der Synodale en classicale besluiten te verplichten."

Hierdie optree is oënskynlik in stryd met die opvatting van die Protestantisme. Selfs met die beskouings van die Sinodes, gekommitteerdes en ander destydse skrywers stryk dit nie. Wat was dan die oorsake van so 'n strengheid? Ons kan in die eerste plek daarvoor aanvoer wat ons kry in 'n brief van die Utrechtse Sinode 1808: deurdat sommige Gemeentes nie die bundel gebruik nie, en ander wel, sal daar 'n skeuring, verwydering en verwarring kom. 'n Twede rede was: die invoerders was nie instaat om die verskil tussen swyende en openlike protes te sien nie. Almal is ewe swaar gestraf; 'n derde rede: miskien was hulle geprikkel gewees hierdeur, dat die saak waaraan die edelste en bekwaamste manne van die vaderlandse kerk, soveel toewyding bestee het, deur domme gemeente-lede, deur onedele karakters vertrap is.

Die bundel is nogal deur sommige Gemeentes gretig ontvang. Ds. A. van den Berg het kort voor sy dood optimisties geprofeteer oor die toekoms van die Gesange. Op 6 Januarie 1807 is hy oorlede. Gelukkig, hy is gespaar gebly van 'n bitter teleurstelling, wat die laaste tyd van sy lewensweg sou verdonker.

Ons kry dan ook in die jare wat nou volg nie alleen proteste in swyende maar ook in die mees rusverstorende vorm. Sommige mense kom nooit in die kerk voordat die eerste Gesang gesing is nie, (die diens moes volgens Sinodale besluit begin en gesluit word deur 'n Evangeliese Gesang). Hul verlaat ook weer die kerk voordat die laaste een gesing word. As die predikant iets uit die Gesangebundel in sy preek aanhaal, dan is daar groot getalle wat met moedswillige lawaai die kerk verlaat. As die predikant die wysie van die Gesang wat hy wil laat sing afkondig en daar is 'n Psalm met dieselfde wysie, sing party die Psalm. Ander val gewoonlik in met 'n Psalm van glad 'n ander melodie en met alle geweld probeer hulle die noot-vaste voorsanger van stryk bring. By sekere geleenthede is die leraar deur kerkrade gelas om die Gesange nie meer langer te laat sing nie. Toe hy weier is daar 'n vreeslik lawaai teen hom opgeskop.

Eienaardig is dit dat die staat ook tot 'n sekere mate ingegryp het om die orde te herstel. So b.v. is 'n sekere Abraham Geense, wat gedurende die sing van 'n Gesang sy hoed opgesit het, en op versoek van die predikant om dit af te haal, brutaal geweier het, met 6 dae gevangenis gestraf.

Bronne vir kennis van die besware kan mens kry in die polemiese en ander geskrifte uit die tyd. Die eerste reeks van besware was teen die Bundel, teen die invoering daarvan, en nie teen die inhoud daarvan nie. Die invoering van die Gesange-bundel, sê hulle, is in stryd met die besluit van die Dordtsche Synode (1618—'19): "In de kerken zullen alleen gezongen worden de 150 Psalmen Davids, de Tien Geboden, het Gebed des Heeren, de Artiekelen des Geloofs, de Lofzangen van

Maria, Zacharias en Simeon; 't Gezang: O Godt, die onse Vader bist, etc., wordt in de vryheid der kerken gelaten, dat ze hetzelve gebruiken of niet, zooals zy 't goed vinden. De rest van de Gezangen zal men uit de kerken weren, en zoo er enige reeds in de kerken zyn ingevoerd, zullen die op de gevoeglykste wyze daaruit verwyderd worden." Die beswaar word asvolg opgehef: Die verbod het betrekking gehad op sekere persone en plekke en nie op die hele kerk nie; om wanorde te voorkom was dit wys en nodig om so 'n verbod te maak; maar om te verbied dat later 'n volgende Sinode Gesange mag invoer, daartoe het die Sinode geen mag gehad nie; in die leer mag nie verandering kom nie, maar die vorm van kerkdiens hang alles af van tye, sedes en omstandighede. Philadelphus meen die artiekel moet so uitgelê word: "dat daarin alleen verboden wordt het eigenwillig invoeren van liederen door eenen particulieren leeraar, zooals men in dien tyd daarvan wel voorbeelden had." Die Dortse vaders sal tog nie iets vasstel in stryd met Ef. 5:19 en Col. 3:16 nie.

Daar is deur die teenstanders gesê dat die Gesange slegs "menschelyke opstellen, uitvindingen van menschelyke vernuft is." 'n Predikant, Ds. Hoogendorp, het hierop geantwoord: "by die Psalme is taal en digmaat ook werk van mense"; mens hoef dan ook nie in die kerk te kom nie want daar praat mense; dan moet ons ook nie geheg wees aan die Nederlandse Geloofsbelydenis nie. Die Gesange staan ook op die bodem van die Heilige Skrif.

'n Ander goedkoop argument was: ons voorouers het dit nooit gebruik nie, waarom gaan ons dit doen? Alles wat nuut is, is nie daarom verkeerd nie. Daarby is die Gesange nie iets nuuts nie. Paulus het reeds in Ef. 5:19 en Col. 3:16 gesê dat ons mekaar moet opbou met "Lofzangen en geestelyke liederen." Daarby was lank alreeds gebruik gemaak van Gesange agter in die Psalmboek.

Van meer belang is die argument dat deur die Gesange twis en verdeeldheid te weeg gebring word. Hier

is toe gewys op die onrus wat die koms van Kristus meegebring het.

Sommige het beweer, dat die saak ontydig is. Daar is nog 'n paar besware maar mens kan nie help om te dink dat hulle òf kinderagtig òf nie ernstig bedoel is nie, b.v. die godsdiens-oefeninge sal deur die Gesange te lank word; dit is 'n uitvinding van luie predikante of boek-predikers om langer te sing en korter te preek.

'n Twede reeks van besware draai om die inhoud self. Die onregsinnigheid van die Gesange kan as eerste genoem word. As voorbeeld hiervoor neem hulle Gesang 5 : 3. Hier word gepraat van "Werelden." En, sê die teenstanders, "daar is maar een wêreld." Vir Godard, wat lang oor die beswaar uitwei, is dit 'n kwessie van spreekwyse of mens die ganse heelal een wêreld dan of mens die verskillende planete, ens., wêrelde wil noem. In die samespraak "Iets over de Evangeliese Gezangen" sê Cornelis aan Beernt: As dit vir jou moeilik is om jou gedagte buite die omtrek van hierdie wêreld te bepaal gebruik dan maar wêreld in plek van wêrelde. Op die manier is daar verskillende Gesange aangeval.

Die taal en styl van die Gesange is ook 'n onderwerp van bedenking, b.v. Ges. 116 : 2 : "Hy riep de kinden en zy brullen"; "De sneeuwwolk en haar vlokken vulden den grond." Die beswaar hierteen was dat winde "nooit bruïlen, maar huilen of loeien." Sneeuvlokke vul nooit die grond nie, maar bedek dit. Ges. 11 : 1 : "Wellen" kan ons nie in verband met lig gebruik nie, alleen wanneer ons met water te doen het.

Verder is gesê deur die teenstanders, dat die Gesange in 'n toon gestel is asof die sangers almal ware Kristene is. Ds. A. v. d. Berg het hierop geantwoord dat die sing van sulke liedere persone, wat nog onverskillig is, daaraan sal herinner dat hulle nog baie vér staan.

Dan is daar ook nog die beswaar geopper dat baie van die Gesange uit die vreemde afkomstig is. "Over het geheel ademt men er een Hoofduitschen geest in, die den Nederlandschen lezer geweldig tegen de borst

stoot." As antwoord hierop kry ons: was David, Moses, Asaph en die ander Psalm-digters gebore Hollanders?

Die onrus wat ons hierbo aangetoon het, is nie die enigste wat die Bundel veroorsaak het nie. Hy het ook sy invloed laat geld op gewigtige gebeurtenisse in ons geliefde Ned. Hervormde Kerk. Veral dink ons aan die afskeiding 1834.

Volgens Dr. De Geer was dit nie net die Gesangebundel wat die beweging van 1834 in die lewe geroep het nie. Die Gesange kan ons slegs as een van die oorsake beskou. Die andere oorsake is veel dieper te soek.

Baie griewe het natuurlik gedraai om die Kerkordening van 1816. Tog 'n groot gedeelte van die Afskeidings-proses staan in verband met De Cock. Hy het hom skuldig gemaak aan allerlei oortredings van kerklike reëls, en alle waarskuwings en vermanings negeer. In Maart 1833 is daar te Groninge twee boekies uitgegee wat as doel beoog het, waarskuwing teen die dwalinge en oordrywinge van die dae. Hendrik De Cock tree toe teen die twee skrywers op in sy geskrif: „De Schaapskooi van Christus aangetast door twee wolven en verdedigd door H. de Cock." Dit was soos die titel aandui 'n skotskrif van die ergste aard, waarin die skrywers van die twee boekies voorgestel word as wolwe en Fariseërs. In die geskriffies, sê De Cock, het hy gesien "hoe treurig blinde leidslieden der blinden de blinden leiden zoodat zij beide in de gracht vallen; en hoe jammerlik de schaapskooi van Christus aangevallen en de kudde verscheurd wordt." Met die volgende paragraaf begin De Cock sy reeds genoemde geskrif: "Het stukje van den Heer Brouwer, (Ds. Brouwer en Ds. Reddingius was die skrywers van die boekies waarteen De Cock nou sy aanval rig) welbekend, bestaat in twee leerredenen: de eerste tegen de geheel los- en ligtzinnigen van onze dagen, die met alle Godsdienst den spot dryven, en de twede tegen de ware Godvreezende, de kleinen, de regtvaardigen en vromen die het gegeven is te verstaan, de verborgenheden van het Koninkryk der Hemelen. Toen ik de beide leerredenen gelezen had, viel my als

van zelve de aandacht op de gelykenis van den Phariseër en den Tollenaar, en verbeelde ik my in den Heer Brouwer levendig den eersten, den Phariseër nl. te zien, beschreven Luc. 18 : 11, die aan de eene zyde zegt (gelyk hy doet in zyne eerste leerrede), ik dank U vader dat ik niet ben gelyk de andere menschen, roovers, on regtvaardigen, overspelers." Ds. Brouwer se twede leerrede sê De Cock is "daartoe opzettelik ingerigt, om, op zyn echt Phariseeuwsch den Heere Jezus en zyne schapen aan te randen." Dwarsdeur die hele geskrif vind ons die persoonlike aanval teen Ds. Brouwer.

Van Ds. Reddingius sê De Cock, dat hy sig veral in die briewe beywer om die skyn te verower van iemand wat gematig is en verdraagsaam, maar ,,O, die oogen heeft om te zien, kan de wolf uit de schapenvacht wel kennen, wanneer hy aanvalt op het edelste der kudde," Op die wyse gaan De Cock voort met sy verdoemingswerk en bring hy sy leser onder die indruk dat hy alleen die waarheid in pag het terwyl die Brouwer en Reddnngius niks anders skuil as blindheid en goddeloosheid nie.

Die onregverdigheid en onbillikheid van sy aanval is gou diep gevoel, en Ds. De Cock is toe in 1833 voor die Classicaal Bestuur gedaag, en is gevra om sy lasteringe terug te trek. Hy weier en is toe vir 'n onbepaalde tyd geskors. Gedurende sy skorsing het daar 'n groot aantal geskrifte van hom en sy getroues verskyn, o.a. ,,Evangelische Gezangen getoetst en gewogen en te ligt gevonden, door Jacobus Klok verwer en koopman te Delfzyl met eene korte voorrede en uitgegeven door H. de Cock, Geref. Leeraar te Ulrum." In die boekie word die Gesange beskou as teenstrydig met Godswoord, dit is Sireniese minneliedere ,,geschikt om de Hervormden, al zingende, van de zaligmakende leer af te trekken en eene valsche leugenleer in te voeren."

So tiepies vind ons in die volgende vers van J. Kool, die manier weergegee waarop uitgevaar werd teen ons geliefde en opbeurende Gesange :

,,Hoe droevig hoe vol treurgenot,
O Heer ! der legerscharen God,
Zyn my die Ardods Feestgezangen
Die men in Neerlands templen hoort;
Een lokaas dat de ziel vermoordt,
Wat Christen kan daarnaar verlangen?
Myn ziel roept uit, O Vader ! Geest !
Dat leugen sterft en waarheid leeft."

Hierdie versie is ook geplaas in die geskrif van De Cock self, wat hy betietel ,,De zoogenaamde Evangelische Gezangen, de oogappel der Vervoerde en Verleide Menigte in de Synodaal Hervormde Kerk, ja zelfs nog van sommige van Gods kinderen uit blindheid, en omdat zy dronken geworden zyn door den wyn harer hoereryen, nader nog getoest, gewogen en te ligt bevonden, ja strydig met al onze Formulieren van Eenheid en Gods Woord.

'n Nuwe grief teen De Cock dus. Die voorrede wat hy geskryf het vir die reedsgenoemde geskrif van Klok bevat baie afkeurenswaardige elemente. Al beswaar wat hy feitlik het is dat dit teen die Dordtse besluit 1618 is. Hy druk dit asvolg uit : ,,Niet te vergeefsch hebben onze wyze en vrome voorvaderen in de zoo doorluchtige en beroemde Synode van Dordrecht, wel voorziende dat eenige verandering-zieke geesten eenmaal nog zoeken zouden hierdoor de kerk te bederven, belast en bevolen, dat er geene nieuwe gezangen in de kerk zouden ingevoerd worden, onze eeuw echter die de wysheid onzer vaderen dwaasheid acht en te verbeteren, heeft den raad der ouden verlatende, met Rehabeam, ook in dezen eigen zin en wil gevolgd, maar waarlyk met geen beter gevolg dan deze dwaze Koning, de onwyze zoon van den wyzen Salomo : want helaas ! men ziet de gemeente des Heeren gedeeld en gescheurd, de gemoederen verhit, de stichting belemmerd en Gods waarachtige dienst, waaraan alle tydelyk en eeuwig heil hangt, verachtend." Gelukkig die bekrompenheid en stompe insig wat De Cock in die woorde openbaar, is gedurende die twis-tydperk oor die invoering van die Gesange al raakgesien en reeds

toe al kon jy die volgende waarheid hoor verkondig word: ,,Die verbod het betrekking gehad op sekere persone en plekke en nie op die hele kerk nie; om wanorde te voorkom was dit wys en nodig om so 'n verbod te maak; maar om te verbied dat later 'n volgende Sinode Gesange mag invoer, daartoe het die Sinode geen mag gehad nie; in die leer mag nie verandering kom nie, maar die vorm van kerk-diens hang alles af van tye, sedes en omstandighede. Die artiekel van die Dordtse Sinode moet so uitgelê word: ,,dat daarin alleen verboden wordt het eigenwillig invoeren van liederen door eenen Particulieren Leeraar, zooals men in dien tyd daarvan wel voorbeelden had." Die Dordtse vaders sal tog nie iets vasstel in stryd met Ef. 5 : 19 en Col. 3 : 16. Wat die verdeeldheid, in die kerk, deur die Gesange veroorsaak, betref kan ons net sê dat alles wat verdeeldheid bring nie as uit die bose beskou kan word nie. Vergelyk die koms van Kristus en die onrus wat daarmee gepaard gegaan het.

De Cock se hele houding teenoor die Gesange kwessie, is die van 'n suspiesieuse bevooroordeelde. Hy verstaan die kuns om oppervlakkig oor alles heen te raas. Dwarsdeur al sy geskrifte is dit 'n seldsame versynsel om 'n pittige argument aan te tref, wat 'n mens tot nadenking prikkel.

De Cock is na die voorval gedagvaar voor die Provinsiaal Kerkbestuur wat hom gevonnis het met 'n skorsing van sy diens. Die Algemene Sinode het hom nog ses maande tyd vir nadenking gegee. Hy het egter voortgegaan op die ingeslaande weg, en in Oktober 1834 skei hy met 'n groot gedeelte van sy gemeente af van die Ned. Herv. Kerk. Die Gesange noem hulle nie in hul Akte van Afskeiding nie. Hierdeur wil hy natuurlik beweer dat die oorsake veel dieper lê.

De Cock het volgelinge gekry. Spoedig skei Scholte, van Velzen en Brummelkamp hulle af. Ds. Brummelkamp het openlik geweier om die Gesange te laat sing. Hy is ernstig hieroor gewaarsku en daarop lê hy sy diens in die Hervormde Kerk neer. Die Gesange-bundel het in

die hele kwessie net gedien as stok waarmee die hond geslaan word.

Die versamelaars van die Gesange was ongetwyfeld besiel met 'n diepe oortuiging, dat hulle vir 'n goeie saak veg. Ons kry 'n besef van wat hulle moes uitstaan wanneer ons hoor dat hulle werk bestempel was as ,,Ardodsfeestliederen", "Sireniese Minnezangen", ja zelfs "Hoeren-liederen."

Soos maar alle werk van mense is die Gesang-bundel nie sonder gebreke nie. ,,Maar vele gezangen zyn ons lief geworden, die ons en vele geloovigen tot op hun sterfbed hebben gesticht, verkwikt, getroost en in ons aller heiligst geloof hebben opgebouwd."

Die Gesange is natuurlik ook nie almal presies so opgeneem soos dit van die digters gekom het nie. Baie is vertaal, ander gewysig, wat nie juis altyd gebeur het ten voordele van die digter nie. Daar is soms ,,by het overgieten geweldig gestort." Tog kry ons 'n groot aantal oorspronklike liedere daarin.

Dit was nie net predikante wat ons onder die digters aangetref het nie. Manne en vroue van die adel en uit die volk, beroemdes soos Bilderdyk, godsaliges soos Lodenstein, Republikeine en vurige Oranjeklante is hier met dieselfde ideaal besiel. Dit laat 'n mens dink aan die dae toe Nehemia besig was om met ,,Zalfbereiders of apothekers, goudsmeden en kruideniers", die mure van Jerusalem op te bou. Nie net letterkundiges van beroep was hier besig nie, ook geneeshere, handelaars, een apoteker, een trypfabrikant en een boekhouer. Verskillende stroompies uit verskillende bronne ontspring, het hier in een magtige stroom saamgevloei.

Oor 'n paar bekende Gesange en hulle digters wil ons nog iets sê, want as mens weet hoe en waar, onder watter omstandighede 'n geestes-werk verrig is, kry dit vir ons meer waarde.

Gesang 17: Die digter van die Gesang is Georg Neumark. Hy het te Hamburg in die diepste armoede gelewe. Om brood te kry moes hy alles verkoop. Sy geliefde viool bewaar hy die langste, maar eindelik moes dit

ook gaan. Toe kom daar skielik uitkoms. Hy kry 'n pos as sekretaris van die Sweedse Gesant. Sy gebed is verhoor. Die eerste wat hy gaan terughaal is sy viool en ,,nu grypt hy in de snaren en stemt diep bewogen zyn lied'' :

,,Wie maar den goeden God laat zorgen,
En op Hem hoopt in 't bangst gevaar
Is by Hem veilig en geborgen,
Dien redt Hy god'lyk wonderbaar :
Wie op den hoogen God vertrouwt
Heeft zeker op geen zand gebouwd.''

Ges. 83 : Hoe styg die waarde van die Gesang nie by ons as ons weet dat dit gesing is in 'n kerker deur C. F. D. Schubart. Sy swak karakter het hom telkens prooi laat word van sy hartstogte. Sy hart het weggesink in selfverwyt terwyl hy in 'n pynlike gevangenisskap van 10 jaar sy verlore lewe moes boet.

,,God enkel licht,
Voor wiens gezicht
Niets zuiver wordt bevonden,
Ziet ons bevlekt,
met schuld bedekt
Misvormd door duizend zonden.''

Gesang 3 : Hierdie welbekende Gesang is seker die geliefde van elke huisgesin. Dit is die ,,Te Deum Laudumus.'' Volgens legende het Augustinus dit by sy doop gesing. Geen wonder dus dat die Roomse Kerk die lied in ere hou nie. Dit is dikwels egter misbruik. Toe die Pous berig ontvang het van die vreeslike ,,bloed-bruilof'' te Parys (1572) waar duísende Protestante op die verraderlikste en wreedste wyse vermoor is, het hy die lied as 'n dankbetuiging aan God laat sing. Na die aanslag op die lewe van die Prins van Oranje is dit ook gesing.

Maar dit is ook anders gebruik. Met hierdie lied op die lippe het die eerste martelare vir die Hervorming, in die vlamme neergesink. Toe Jan de Bakker na die strafplek gelei word het die agtergeblewenes in die kerker dit gebruik as aanmoediging vir hom.

Gesang 18 : Dr. Jan Scharp, predikant te Rotterdam, het dit in die omwentelingsjaar 1795 produseer. Hy wou hom liewers laat skors as om te beloof dat hy nooit sal meewerk tot die herstelling van die stadhouderlike bewind van Oranje. Vir die troue hart is ,,die ware Kristen die beste burger.''

,,Komt Christ'nen toont met woord en daad,
Dat wie de ware godsvrucht smaad,
Een christen zonder huichlary,
Altyd de beste burger zy.''

Gesang 58 : Dis 'n vertaling van Schlegel se : ,,von der Freudigkeit des Glaubens'' deur Ds. A. v. d. Berg. Die versamelaars het hier belangrike verbeterings in Ds. v. d. Berg se vertaling gebring. Ons behoort hulle besonder dankbaar te wees vir vers 5. Die slot van die gesang ,,Hoogte, diepte, vreugde of rouw, niets ontrooft my aan Gods trouw,'' is te verkiese selfs bo die van Schlegel ,,Nichts erschüttert meine Treue, Gottes Liebe steht mir bei.''

Gesang 28 : Dis die enigste Gesang wat ontstaan het aan die kus van ons vaderland. Die skryfster is mej. Catharina Allegonda van Lier, wat in Kaapstad gewoon het.

Dis vir my of in die lied die tiepiese element van ons Afrikaanse atmosfeer opgeneem is. Beslis hierdie troos en opbeuringslied is bewus of onbewus gerig aan 'n volkie wat gedurig moet ly, gedurig moet worstel en ,,met onspoed stryden'' om sy karakter, sy geestes-goedere te handhaaf. Geen ware Afrikaner sal ontken dat die sleutel tot die geheim : om ons volksideaal suiwer en hoog te hou vir ons aangebied word in ,,volg gehoorzaam zyn gebod, Hy uw Redder is uw God.'' Ook Langenhoven het meesterlik hierdie oortuigings-klop van die warme Afrikaner-hart vertolk :

Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou,
O Heer,
met ons land en met ons nasie sal dit wel wees,
God regeer.''

L. M. LE ROUX.



CATHARINA LOUISA BUITENDAG.

Op 17 Julie '31 is weer een van die skakels, wat ons aan die verlede bind, verbreek. Op die dag is ontslape die in Standerton alombekende en beminde "Ouma" de Jager.

Sy is op 10 Jan. 1838 te Zeekoefontein in die Kaap gebore. Op 21-jarige leeftyd is sy te Potchefstroom deur wyle ds. Dirk van der Hoff in die huwelik bevestig met Andries Barend Heyneke. Uit die huwelik is tien kinders gebore, waarvan agt nog lewe. Op die dag van haar dood was haar nageslag nie minder as 234 in getal. Sy het die voorreg beleef om nie alleen haar kleinkinders en agterkleinkinders te sien nie, maar selfs die kinders van haar agterkleinkinders, soos blyk uit bowestaande portretjie, waar vyf geslagte te sien is. Die name is van links na regs:

Catharina Louisa Buitendag, geb. 10 Jan. 1838.
Carolina Hendrika Labuschagne, geb. Heyneke in 1860.
Catharina Louisa de Bruyn, geb. Labuschagne in 1878.
Carolina Hendrika Labuschagne, geb. de Bruyn in 1897.
Catharina Louisa Labuschagne geb. 1918.

Sy het haar eggenoot, wat in November 1895 oorlede is, lang oorleef. In 1899 is sy getroud met Pieter J. de Jager, wat in 1921 oorlede is.

Sedert die tyd het sy ingewoon by haar skoondogter en seun Johannes C. Heyneke wat, tot twee jaar gelede toe hy weggetrek het na die distrik Ermelo, jarelang die Gemeente Standerton as ouderling baie trou gedien het. Hulle het haar liefderik en trou tot die dag van haar dood toe versorg.

Sy het 'n veelbewoë lewe gehad deurdat sy die gevolge van vele oorloë moes verduur. In die Twede Vryheidsoorlog was sy eers in die konsentrasiekamp te Middelburg en later te Johannesburg. Sy kon biesonder interessante verhale uit die ou tyd vertel.

Merkwaardig van die oorledene was haar sterke gestel, haar helder verstand, haar biesonder goeie geheue en haar innige vroomheid.

Haar verjaardae, wat elke jaar in die huis van haar seun, by wie sy ingewoon het, gevier werd, was 'n gebeurtenis wat haar vele vriende na uitgesien het en nie ongemerk verby laat gaan het nie. Met die geleenthede het sy altyd getoon hoe sterk sy nog is deur aan die jongmense te toon hoe die mense in haar jong dae hulle vermaak het. Op haar 90ste verjaardag, wat die skrywer hiervan bygewoon het, het sy met haar dogters resies gehardloop en net een het die eer gehad om haar te win.

Sy het haar volle verstand behou tot die dag van haar dood toe. Haar geheue was op haar oue dag nog so goed dat sy nie alleen baie gedigte soos die "Vlaggelied" van ds. v. d. Hoff, die "Lied van Dawid" en die "Lied van die Klok" kon resiteer nie, maar sy kon nog die vrae en antwoorde uit die vraeboek van Hellebroek opsê soos iemand wat klaar is om aanneming toe te gaan.

Ouma de Jager—soos sy algemeen bekend was—was 'n vroom mens. Haar opregtheid en ongeveinsheid, haar nederigheid en vriendelikheid het elkeen met wie sy in aanraking gekom het, aangetrek. Vriende het sy in oorvloed gehad en vyande het sy nie geken nie. Dikwels het ons weggegaan, na 'n besoek by haar afgelê is, met die gedagte: "Zie waarlik een Israeliet in welke geen bedrog is."

Sy het met haar Heer geleef en in haar Heer gesterf. Haar as rus in vrede!

T. F. J. D. S.

VIR ONS JONGMENSE.

AD DESTINATUM PERSEQUOR.

Hierdie opskrif het verlede jaar die wapenspreuk, die leus geword van die Uniwersiteit van Pretoria. Dit is die latynse vertaling van die bekende woord van die Apostel Poulus in Filip. 3: 14: ,,Ek jaag na die wit." Inderdaad 'n mooi leus vir 'n Uniwersiteit, wat jongmanne en -vroue wil vorm vir die toekoms; 'n mooi leus vir jongmense, wat streef na een of ander mikpunt, wat jaag na die verwesenliking van een of ander ideaal.

Elke jongmens, wat enigsins iets beteken, is immers met 'n ideaal besiel. Wie bou meer lugkastele as jongmense? Hulle ,,droom drome" en "sien gesigte." Die lewe wenk hulle toe. Die toekoms in 'n misterieuse onsekerheid gehul betower hulle. 'n Lewensrigting moet ingeslaan, 'n lewensroeping gekies word.

En wat is die wit waarna gejaag word? Wat is die ideale waarna gestreef word?

Maar laat ons liewer eers die vraag stel: wat word ons jongmense voorgehou? Die pers het vandaag 'n magtige invloed ook op die vorming van ons jeug. Nou, waarvoor en waarmee wil ons suidafrikaanse, sowel as buitelandse tydskrifte en koerante die jonggeslag besiel? Deur hoeveel geïllustreerde periodieke, dag- en weekblaaie—en veral engelse—word die besef bygebring dat daar geen hoëre aspirasies in die lewe is nie, dan om aan tafel te sit op dieselfde manier as ,,lord" die of die dit doen? Om 'n sigaret aan te steek en te hanteer presies soos ,,lady" sus of so—en daarby nog in onwelvoeglike kleding—dit doen? As dit die jonggeslag onder die oë kom, hoe in die fynste besonderhede beskryf word, watter soort japon Mevr. X op die ontvangsparty by die Goewerneur Generaal aangehad het, wat die kleur daarvan was en hoe dit in kleur-harmonie was met haar hoed, haar skoene en kouse, ens.; as die jeug van ons volk 'n tydskrif oopslaan en vergas word op die

sentimentele gesig van Charley Chaplin in ,,City Lights"; as die mening gesuggereer word by die ,,toekoms van ons volk" dat karakter nie meer iets van binne is nie, maar dat dit sit in die manier, waarop iemand sy wandelstok swaai of sy hoed dra; as ons jongmense elke Maandagaand die koerante naslaan, waarin kolomme en kolomme vol beskrywings voorkom van die laaste bokswedstryd, van al die bioskoop- en teatergrille van Saterdagaand, van al die aandrokke van die vooraanstaande dames op die jongste bal, van al die fynste besonderheidjies van 'n tiental egskeidings, al die kleinste smerighede van 'n paar aanrandings- en liefdesgeskiedenisse; as dit alles aangedien word as hoogsbelangrik, maar wat waarlik in belang van kerk en volk is, wat veredelend en opbouend inwerk op die volkskarakter oor die hoof gesien word of 'n beskeie plekkie onder of agter in kry; as dit seldsaam of nooit geïllustreer word..... dan, ja dan is dit ongetwyfeld moeilik om hoë aspirasies en ideale vas te hou. Dan vereis dit des te meer inspanning en selfverlogening om te jaag na 'n wit, na 'n ideaal wat hoog en edel is. Dan word die stryd des te swaarder om te arbei aan opbouing van eie karakter en om te geloof, dat arbeid van groter belang is as klere, en dat die wêreld nog altyd gedra word deur troue, toegewyde werkers.

Is dit dan 'n wonder, dat baie jongmense daar makliker toe kom om te doen, soos dié jongman van wie ons gelees het, dat hy alle hoë ideale prysgegee het en gejaag het na vermaak, genot en uiterlik vertoon? Sy doel in die lewe was om te geniet, tenvolle homself uit te leef.

Tuis was daar nie veel met hom uit te rig nie. In die bestaansmiddel van sy vader het hy geen belang gestel nie. Hy wou niks doen nie, maar wou net bedien word en die groot meneer uithang. As hy in ons tyd geleef het, dan — so stel ek dit my voor — sou hy altyd geklee wil wees in 'n snyerspak, waarvan die broeksplooi so platgestryk soos 'n mes se rug moet wees óf in 'n sportspak met 'n ope hemdskraag. Die dag begin by hom laat. Teen nege uur staan hy eers op. Sy môre-

toilet neem hom byna 'n uur. Hoe kan dit ook anders. Sy hare moet so blink gekam wees, dat dit lyk of 'n koei dit gelek het. Sy vingernaels moet so puntig wees, byna soos 'n mespunt. Want hulle moet die aandag trek as die een sigaret na die ander tussen-die-deur-negotne-vergeelde-wys- en middelvinger gehou word. Oordag verrig hy so te sê niks, tensy hy met 'n engelse koerant of 'n buitelandse tydskrif die tyd probeer verdryf. Die aande is hy selde tuis. Gewoonlik woon hy een of ander party by of sit in die bioskoop en kom teen middernag in bed. Hy laat hom ook niks voorsê nie. Hy meen die wysheid oor alles en nog wat in pag te hê. Die liefdevolle vermanings van sy oue vader slaan hy in die wind. Hy noem hom—skande bo skande—die ,,ou-kerel." Op elke vermaning het hy 'n antwoord terug. Gewoonlik kom die antwoorde hierop neer: ,,Hier mag 'n mens ook niks doen nie of dis verkeerd, dis sonde." ,,Hier is 'n mens nooit vry om te doen soos jy self wil, maar jy moet altyd na die pype van 'n ander dans."

Op 'n goeie dag na hy 'n liefderyke bestraffing ontvang het, bars hy los: ,,Ek gaan liewer weg waar niemand my ken nie. Daar kan ek doen soos ek wil. Gee my die goed, wat my toekom. Ek wil nou weg. Hier bly ek nie langer nie."

Met 'n hart vol droefheid sien die oue, gryse vader sy jongste vertrek. Onbewoë en koud neem hy afskeid. Hy sê nie waarheen hy gaan nie. Uit die vreemde land stuur hy geen tyding nie. Niemand moet weet waar hy is nie.

Nou kan hy sy ideaal tenvolle verwesenlik. Nou jaag hy na die doel, wat hy in die lewe gestel het, n.l. om te geniet, van die lewe te geniet, van alles te geniet. Met niemand behoef hy nou rekening te hou, deur niemand bestraf te word nie. Hy werp homself in die volle stroom van wêrelds genot. Hy kán die lewe geniet. Die middels daartoe het hy geërf van sy ryk vader. Met sy vele wêreldse vriende en onkuise vriendinne bring hy sy tyd deur in allerlei welluste. Hy word gevlei en geprys as die grootste ,,sport", 'n ,,lekker kerel." Vir niks stuit hy nie. In alles is hy die voorperd.

Sy vriende is egter valse vriende. Hy merk dit eers as dit te laat is. Hulle het hom gehelp om alles deur te bring, wat hy had, maar toe hy insolvent verklaar word, draai hulle hom die rug toe. Bedroë, verlate, straatarm staan hy daar alleen. Hy ondervind die waarheid van die latynse spreuk:

,,Solank die geluk U dien
,,Sal U geen vriend ontbreek nie,
,,Maar keer dit U die rug
,,Dan is U vriend gewyk."

En toe dit sover met hom gekom het, dat hy moet uitsien na werk, toe ontdek hy, dat hy in sy jeug nooit iets geleer het nie. Hy kan geen werk vind nie. Doelloos slenter hy rond, moedeloos en met 'n hart vol teleurstelling. Geen vriend, geen huis, geen brood nie.

,,Hij zag uit, in nood, ter rechterhand,
,,Maar vond noch vriend, noch onderstand.
,,Hij wou vluchten, maar kon nergens heen,
,,Zo dat zijn dood voorhanden scheen,
En alle hoop hem gans ontviel,
,,Daar niemand zorgde voor zijn ziel."†

Eindelik moet hy maar die werk vat, wat hy kan kry. En op 'n goeie dag stap hy, die seun van 'n ryk vader, vir 'n hongerloon agter die varke. Kyk hoe loop hy daar! Sy hare hang ongekam oor sy mooi vermagerde gesig, wat bruin gebrand is van die son. Hy het geen hoed en geen skoene meer nie. Hy is in lompe geklee. Hy is byna verhonger, want hoe kan 'n mens van varkekos lewe?

Hy gaan op 'n klip sit met die elmboë op sy knieë. Met sy nadenkende bruin oë staar hy voor hom uit. Sy gedagtes begin terug te dwaal na sy verlede. Wat was sy lewe? Hoe het hy vroeër geleef en hoe nou? Wat was die doel, wat hy homself voor oë gestel het? Die lewe tenvolle geniet! Wat het hy die doel gou bereik!

† Ps. 142.

Gou bereik! ja, maar wat het hy daardeur sy óndergang gou bereik! Hy het homself gesoek, sy geluk, sy genot en..... hy het homself verloor. Sy geluk verloor, sy siel verloor, sy toekoms verruïneer. Sy pad was stroomaf, afdraend en dit het hom gestort in dieptes van vernedering.

Dit is die geskiedenis van 'n jongman, wat na 'n seker doel gejaag het, dit bereik het en daardeur verneder is.

Maar, ons het bo gesê: elke jongmens, wat iets wêrd is, jaag na die verwesenliking van een of ander doel. U ook. Wat is dan die wit, waarheen U jaag, die wenpaal, wat U wil bereik? U span al U kragte daartoe in. Dit neem U geheel en al in beslag. Waarheen jaag U?

Jaag U soos hierdie jong man na genot? Wees verseker, dat genotsug altyd uitloop op skande vir uself. Dit verwoes U siel.

Nee! U jaag hierheen nie, maar na aardse rykdomme. Genotsug verag U, maar hebsug bemin U. U wil eendag ryk wees. En só jaag U na rykdom, dat U vergelyk moet word by 'n man op 'n moterfiets, wat só jaag om sy einddoel te bereik, dat hy geen tyd het om te versuim langs die weg nie, geen tyd het om regs of links te kyk nie, maar net jaag. Die oog is net daarvoor gerig en al wat rondom gebeur word uit die oog verloor.

Miskien bereik U soos die jongman, wat na genotsug gejaag het, U einddoel ook gou, want U sal nie te nousiende wees nie op die middels, waarmee U die doel wens te bereik. Sal U ook nie, soos die jongman, óók U ondergang gou bereik nie? Het U met die rykdomme ook die heil van U siel gevind of het U dit verloor?

Dit bring in ons gedagte die geskiedenis van 'n ander jongman, wat ook gejaag het na 'n doel. Nee, nie een doel nie! Hy het eintlik twee ideale voor oë gehad. Die een het hy reeds verwesenlik, maar dit alleen was vir hom nie voldoende nie. Dit het hom geen volkome geluk besorg nie. En daarom wou hy dit verenig met 'n twede.

Daar woed 'n stryd in sy binneste. Daar is 'n drang in sy siel, wat hom dryf na Iemand, wat die vrede en die geluk skyn te besit. Maar daar is iets anders in sy siel, wat hom terug hou. Wat sal die mense daarvan sê? Maar eindelik behaal hy die oorwinning oor homself. Hy snel die Profeet van Nasaret tegemoet. Hy ontsien die groot skare nie, maar in teenwoordigheid van almal val hy voor Jesus op die knieë met die hartstogtelike vraag: ,,Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?"

Helaas! hy het nie sy weg daarvandaan voortgeset met blydskap nie, maar met droefheid, want uit die antwoord van die Heer het dit geblyk, dat sy twee ideale vir hom nie verenigbaar is nie. Hy moet die een loslaat om die ander te besit. ,,Gaan verkoop alles, wat jy het en gee dit vir die armes; en jy sal 'n skat in die hemel hê." Die hemelse skat het hy prys gegee vir die aardse besittings en bedroef weggegaan. Hy het sy siel verloor. ,,Wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly?"

Hierdie jongman het gejaag na geluk, na vrede vir sy siel, maar hy wou die prys daarvoor nie betaal nie en het bedroef teruggegaan.

U is in die loopbaan, jongman, jongedogter! U jaag na die doel wat U voor oë het. Maar kom eers in U vaart tot stilstand. Maak eers seker of U ideaal hoog en heilig is. Of die prys, wat U wil behaal blywend en heerlik is. Of die doel, waarheen U jaag U sielelewe sal verhef en veredel.

Om só 'n doel te bereik eis egter veel meer inspanning, as wat hebsug en genotsug van U verg. Dit eis inspanning van al U kragte. Dit vra selfverlogening en algehele oorgawe. Die weg na só 'n wenpaal is opdraend, steil en nou. Dit gaan stroomop, teen die algemeen gekose rigting in. Dit verneder U maar alleen om U te verhoog. Dit maak U klein, om U waarlik groot te maak. Dit bou U op. Dit sterk U karakter. Dit veredel U siel.

Wil U nie liewer na so 'n ideaal jaag nie? Wil U nie liewer dien in plaas van te heers nie? Wil U nie liewer uself verlogen en langs dié weg uself vind, uself behou nie?

Al wie waarlik groot was en groot is, het dit gedoen. Hulself prysgegee. In dienende liefde hulself oorgegee.

Ook Poulus het dit gedoen!

,,Ad destinatum persequor."

,,Ek jaag na die doel..... om die prys te verkry." (2)

En wat is die besieling, die stukrag in sy lewe om die ideaal te verwesenlik?

Die liefde van Kristus wat hom dring. (3)

En wat is die prys?

,,Die onverderflike (4) kroon van die regvaardigheid, wat die Heer, die regvaardige Regter vir my in die dag sal gee." (5)

,,En nie alleen vir my nie," skryf die Apostel, ,,maar ook vir almal, wat Sy verskyning liefgehad het."

(2) Vertaling van Brouwer. (3) 2 Kor. 5: 14.
(4) 1 Kor. 9: 25. (5) 2 Tim. 4: 8.

J. G. M. DREYER.

Heer, waarheen drijft gij mij?
Ge stond slechts aan mijn zij
Eén heele dromsecnde,
En sedert bloedt mijn wonde,
Heer waarheen drijft gij mij?

Ach, waarheen wenkt gij mij?
Hoe kom ik U naby?
In stof en zand verloren,
Wijl ik van liefde lij'.

DIE

STANDARD BANK

VAN SUID-AFRIKA, BEPERK.
(Waarby ingelyf is DIE AFRIKAANSE BANK-KORPORASIE, BEPERK).

Bankiers vir die Ryksregering in Suid-Afrika en vir die Regerings van Suid-Rhodesië, Noord-Rhodesië, Niassaland en Tanganjieka.

Londense Kantore:
10 Clementslaan, Lombard St., Londen, O.S. 4
en 77 King William Straat, O.S. 4.
63 Londen Wall, O.S.2; 9 Northumberlandlaan, W.S.2.

Hoofkantoor in Suid-Afrika:
KAAPSTAD
Nu-Yorkse Agentskap: 67 WALLSTRAAT.

GEREGISTREERDE KAPITAAL	**£10,000,000**
INGESKREWE KAPITAAL	**£10,000,000**
OPBETAALDE KAPITAAL	**£ 2,500,000**
RESERWEFONDS	**£ 3,164,170**
ONOPGEROEPE KAPITAAL	**£ 7,500,000**
	£13,164,170

Bank- en Wisselkoersbesigheid van enige aard word verrig. Spaarbank Departement. Essayeringsdepartement. Eksekuteurs- en Trustbesigheid word onderneem.

KOMMERSIËLE DIENS.—Die Bank het meer as 375 Takke en Agentskappe in Afrika en ander Kantore, Agente en Korrespondente oor die hele Wêreld. Die nouste voeling word met Handels- en Nywerheidstoestande, lokaal sowel as oorsee, gehou, en kommersiële en krediet inligtinge ontvang spesiale aandag. Hierdie diens is tot die beskikking van Uitvoerders, Invoerders, Fabrikante en andere wat begerig is handelsbetrekkinge aan te knoop met Suid- en Oos-Afrika.